Joining forces
for a better future

# ONS VAT HANDE: UTZ EN DIE RAINFOREST ALLIANCE

In Januarie 2018 het UTZ en Rainforest Alliance saamgesmelt. Ons gaan ons kragte bymekaarsit want ons weet dat ons saam ’n groter impak kan hê en ook ’n beter vennoot vir baie van die belanghebbendes saam met wie ons werk, kan wees. Ons is nou besig om te werk aan ons nuwe organisasie en sertifiseringsprogram. Die naam van die nuwe program is die Rainforest Alliance, aangesien dit die naam wat reeds wel-bekend aan die publiek is, sal voortdra. Ons missie is om ’n toekoms te bou waar die natuur beskerm word en biodiversiteit floreer, waar boere, hul werkers en die gemeenskappe vooruitstrewend kan wees en waar die volhoubare gebruik van grond en verantwoordelike besigheidspraktyke die norm is. Ons het ’n visie van ’n wêreld waar mense en die natuur in harmonie met mekaar vorentoe gaan.

## WAT DIT VIR BOERE EN PRODUSENTE BETEKEN

Die UTZ en Rainforest Alliance programme sal op ’n parallelle wyse voortgaan totdat ’n enkele nuwe program aan die einde van 2019 publiseer word. Boere moet aanhou om die UTZ Standaard te volg soos normaalweg. Gaan voort om oudits te reël en om die verkope van geregistreerde bestanddele te registreer, deur die prosesse te volg wat reeds in plek is.

Ons sal teen die einde van 2019 ’n nuwe sertifiseringsprogram publiseer, en ons sal julle stap-vir-stap deur die oorskakeling lei. Julle sal genoeg tyd hê om enige nodige veranderinge te maak.

UTZ en Rainforest Alliance mag nie afgewissel word nie. UTZ-gesertifiseerde bestanddele mag slegs as UTZ verkoop of gemerk word, en Rainforest Alliance-gesertifiseerde bestanddele mag slegs as Rainforest Alliance verkoop of gemerk word.

## DIE SKEP VAN EEN SERTIFISERINGSPROGRAM

Ons sal in 2019 ons nuwe sertifiseringsprogram publiseer, die program sal die beste van die huidige UTZ en Rainforest Alliance stelsels bymekaar bring en daarop bou. Dit sal nuwe standaarde vir produsente en die bewaringsketting insluit.

Ons doel is om ’n standaard te ontwikkel wat ’n groter sosiale, ekonomiese, en omgewingsimpak het, en aan boere en produsente ’n beter raamwerk gee om hul lewensbestaan te verbeter, terwyl hul die landskappe waar hulle woon en werk beskerm.

Dit dal nuwe tegnologie en bestaande effektiewe sisteme integreer. Dit sal ook klem plaas op uitkomste en aanpasbaarheid - spesifiek in die plaaslike konteks.

Die skep van een sertifiseringsprogram sal ook groot voordele inhou vir die 182, 000 boere wat tans beide UTZ en Rainforest Alliance gesertifiseer is – nou sal hulle slegs een oudit (in pleks van twee) nodig hê en sal hulle die dubbele administrasie wat gepaardgaan met die toepassing van twee standaarde vermy.

## SAL DIE NUWE STANDAARD VIR BOERE MEER TOEGEEFLIK OF STRENGER WEES?

Ons doel is om ’n standaard te ontwikkel wat impak het en wat toenemend op ’n groter skaal toegepas kan word, wat die beste elemente van beide standaarde bymekaarbring. Dit beteken nie noodwendig strenger of moeiliker nie. Dit moet ’n positiewe impak hê op die boere wat daarmee werk en ’n raamwerk daar stel waardeur boere hulle lewensbestaan kan verbeter, terwyl hul die landskappe waar hulle woon en werk beskerm. Dit moet oor tyd op groter skaal toegepas kan word sodat ons die voordele van sertifisering verder kan uitbrei.

## WAT BETEKEN DIT VIR MAATSKAPPYE?

Maatskappye kan voortgaan om UTZ gesertifiseerde produkte aan te koop en te etiketteer, ten minste tot die publikasie van die nuwe sertifiseringsprogram in 2019.

In die toekoms sal die samesmelting die kompleksiteit van die sertifiseringsproses vir maatskappye wat tans met beide programme werk, verminder. Dit sal terselfdertyd doeltreffendheid en buigsaamheid verhoog, sodat ons voortdurend ons dienste, wat gerig is om besigheid behoeftes te voorsien, kan verbeter.

Ons nuwe sertifiseringsprogram sal die beste van UTZ en die Rainforest Alliance bymekaarbring en ons sal maatskappye stap-vir-stap deur die oorskakeling lei.

## TYDSLYN

Junie 2018 – **Ons nuwe benadering** – Ons sal ons oorhoofse doelwitte vir die nuwe sertifiseringsprogram in 'n Terme van Verwysing dokument uiteensit.

Desember 2018-Februarie 2019 – **Gee jou inset** – 'n Eerste weergawe van die standaard sal gepubliseer word en ons sal 'n volskaalse openbare konsultasie proses van stapel stuur. Dit sal werkswinkels en 'n aanlyn opname insluit.

Februarie-April 2019 – **Hersien en verbeter** – Gebaseer op die insette van die openbare konsultasie proses, sal ons die eerste weergawe van die standaard hersien en verbeter.

Junie-Augustus 2019 – **Gee jou inset** – Indien nodig sal 'n tweede rondte van konsultasie aan verdere belanghebbendes die geleentheid gee om insette tot sekere aspekte te maak.

Einde 2019 – **Finale goedkeuring en publikasie** – Die standaard sal deur die Rainforest Alliance Standaarde Komitee goedgekeur word en die program sal gepubliseer word: 'n nuwe standaard vir boere, die bewaringsketting, etiket beleid en fooie struktuur.

2020 – **Oorskakeling begin** – Ons sal alle belanghebbendes op 'n stelselmatige wyse stap-vir-stap deur die oorskakeling lei. Die oorskakeling sal moontlik mettertyd deur die (hoof) landbou sektore infaseer word.

## RA CERT EN NEPCON

Die Rainforest Alliance en NEPCon het aangekondig dat, onderworpe aan ooreenstemming, dit hulle bedoeling is dat NEPCon die RA-Cert besigheidseenheid wat verantwoordelik is vir die bestuur van die Rainforest Alliance se sertifiserings-, versekerings- en oudit dienste, sal oorneem. RA-Cert sal voortgaan om alle bestaande sertifiseringsdienste van RA-Cert aan te bied en oudits te doen vir beide standaarde, insluitend Rainforest Alliance Volhoubare Landbou en UTZ. Wil jy graag meer hiervan weet? Kliek hier.

## HOE KAN EK MY INSETTE GEE?

Gebruik die onderstaande kontak details om julle insette en kommentaar te deel:

Maatskappye: kontak lisa.ryser@utz.org of membersupport@utz.org

Boere: kontak lisa.ryser@utz.org of communications@utz.org